Skryf 'n A-opstel!

TIEN WENKE VIR GOEIE SKRYFWERK
(aangepas uit Lenska Lötter, JIP 21 April 2003)

1. **Beplan** vooraf. Orden jou gedagtes eers rofweg. Moenie sommer dadelik net wegval en skryf nie.
2. Skryf in paragrawe.
3. Hou die titel (onderwerp van jou opstel) heeltyd in gedagte. Verwys op subtiele wyse daarna en moet dit onder geen omstandighede gou in die laaste twee paragrawe indwing nie.
4. Begin met 'n kort inleidingsin of –paragraaf. Die eerste vyf woorde is die belangrikste.
5. Hou die tipografie van jou stuk in gedagte: wissel dus die lengte van paragrawe en sinne af waar moontlik. Onderstreep iets wat moet uitstaan of skryf dit in blokletters.
6. Skryf oor dinge waarvan jy baie weet: jy skryf interessanter en oortuig beter as jy skryf oor mense wat jy werklik ontmoet het en gebeurtenisse wat regtig plaasgevind het.
7. Gebruik gerus die direkte rede, maar gebruik dit korrek. Bv. Lynn sê: "Wat maak jy nou?"
8. Besluit vooraf hoe jy gaan eindig. Beproef die sikliese slot: Sluit dus aan by die begin (inleidingsparagraaf). Sodoende rond jy jou onderwerp mooi af. Moet egter nie net jou inleiding net so herhaal nie.
9. Eindig op 'n hoogtepunt.
10. Eindig kort.

Beplanning van skryfwerk

1. Oorspronklikheid is 'n belangrike sleutel tot goeie stelwerk. Dink deeglik na oor die onderwerp en vra jouself af: "Wat sal die meerderheid hieroor skryf?" Probeer dan 'n nuwe benadering.
2. Skryf dan al jou idees neer.
3. Maak 'n breinkaart – soek die werkbare idees uit en rangskik dit in 'n logiese volgorde.
4. Verskillende skryftegnieke word nou gebruik om jou idees oor te dra en daarop uit te brei. Doen ook spesiale moeite met jou inleiding en slot – wat dikwels eers heel laaste geskryf word.
5. Lees jou skryfstuk hardop aan iemand voor.
6. Redigering jou skryfstuk: die eintlike harde werk om jou taal en styl te verfyn.
7. Vervang "plat/flou"-woordjies met treffende raakbeskrywings en/of gepaste beter sinonieme.
8. Proeflees jou finale poging voordat jy dit inhandig.

Kontroleys vir redigering

1. Dalk wil jy jou inleiding herskryf

Verhalend
- Begin met 'n beskrywing.
- Begin met 'n karakter in aksie.
- Begin in die middel (in medias res).
- Begin met 'n gesprek tussen die karakters
- Begin met die agtergrond of ruimte.

Nie-fiksie
- Begin met 'n kort staaltjie.
- Begin met'n voorbeeld
- Begin met 'n retoriese vraag.
- Begin met 'n definisie
- Begin met 'n ontstellende feit.
- Begin met 'n aanhaling.

2. Lees jou slotparagraaf. Wil jy dit nie herskryf deur die volgende te gebruik nie?

Verhalend
- Sluit af met 'n beskrywing van die plek.
- Sluit af met 'n karakter se gedagtes.
- Sluit af met 'n karakter in aksie.
- Sluit af met 'n finale gesprek tussen die karakters.

Nie-fiksie

- Sluit af met 'n retoriese vraag.
- Sluit af met 'n oproep tot aksie.
- Eindig met 'n sintese of samevatting.
- Eindig met 'n gepaste aanhaling.
- Vorm 'n siklus: sluit dus weer by die begin aan.
- Eindig met 'n evaluering (jou eie mening...)

3. Moenie veralgemeen nie; wees spesifiek.

Nie *motor* nie maar *Porsche*; nie *hond* nie, maar *worshond*; nie *boom* nie, maar *denneboom*; nie *meisie* nie, maar *Susan*.

"Alle kinders met katarakke en karbonkels, koorsblare, korinte, bloedvinte en aaklige! Vieslike! V-r-r-r-r-atte moet da-de-lik kantoor toe kom!"

4. Gebruik presiese, beskrywende werkwoorde

Nie *loop* nie maar *slenter* of *slof*; nie *praat* nie, maar *klets* of *babbel*.

"Sy wip uit haar bank en trippel vorentoe."
"Ek strompel terug na my bank."

5. Moenie beskryf nie; wys liewer!

Vervelig: Sy was woedend.
Opwindend: "Sy smyt haar boeke neer en stamp die deur toe."

6. Gebruik vars, kreatiewe stylmiddele

- Vergelykings: "Soos 'n moeë herfsblaar warrel die toets grond toe."
- Metafore: "Broccoli-brein!" skel ek. "Blindemol! Kyk net hier!"
- Personifikasie: "Die hele saal kry lewe."

7. Varieer die lengte van jou sinne

Gebruik kort sinne (1-5 woorde), middelmatige sinne (5-15 woorde) en lang sinne (16 en meer woorde).

Pasop vir laaaaaaang LOMP sinne! Kort sinne skep atmosfeer en lees maklik.

"Daar is 'n hoorbare suising soos die kinders na asem snak. Elke gesig is bleek. Elke oog is wit. Sersant Spochter sug. Hy skud sy kop. Weer draai hy na die leuenverklikker asof hy dit wil wegvat."

8. Varieer die begin van jou sinne

Moenie twee sinne in 'n paragraaf met dieselfde woorde begin nie, tensy dit nodig is vir doelbewuste herhaling.

9. Maak seker jou skryfstuk het 'n logiese struktuur.

- 'n Treffende inleiding
- Wissel lang en kort paragrawe af; elkeen oor 'n nuwe saak.
- 'n Slotparagraaf

10. Leestekens

Korrekte leestekengebruik is onontbeerlik vir goeie skryfwerk. Gebruik uitroeptekens, ellips, aandagstrepe, ens. as uitdrukkingsmiddel.

MAAR te veel oordrewe gebruik van leestekens is net so verkeerd as om geen leestekens te gebruik nie.